


VERSEKER DAT JOU
KINDERS HULLE
VOLLE GENETIESE
POTENSIAAL

ONTWIKKEL!

—deur Johan Jacobs

THE MANUAL FOR 'DIS-EASE' FREE LIVING



R250
VAT incl

Skandeer hierdie QR-kode om meer uit te vind
oor die gevare van orale patologie



Volgens navorsing deur dr. Weston A. Price, maar ook volgens my eie waarnemings onder kinders, is dit my hipotese dat die moderne mens aan die kortse end trek en dat ons kinders nie meer hulle volle genetiese potensiaal ontwikkel nie. Dit is sekerlik elke ouer se wens dat niks hierdie ontwikkeling sal belemmer nie. Maar hoe weet ons of ons kinders hulle volle genetiese potensiaal ontwikkel?



Foto's wat dr. Price van Maori kinders geneem het nadat hulle dieet begin verander het. Vroeër was daar nie kinders met sulke probleme met skewe tande nie.



1930-1939

Dit is eenvoudig. Kyk na die foto's, volgens dr. Price wys die mensdom se dentale gesondheid (smal tandboog en swak tande) of ons aan voedingsbeserings ly. Om die begrip "voedingsbeserings" ten volle te begryp, kyk ons vlugtig weer na dr. Weston se navorsing wat hy in 1930-1939 gedoen het. Hy het al sy bevindings en meegaande foto's in sy boek, *Nutrition and Physical Degeneration*,

gepubliseer. Hierin het hy die fundamentele grondbeginsels van voldoende voeding uitgelê, asook die gevolge van "besering" aan die liggaam wanneer voeding onvoldoende is. Swak voeding ly tot 'n chemiese wanbalans, maar die eerste visuele gevolge is duidelik in jou mond sigbaar.

Bevindinge van sy navorsing

Een van dr. Price se vernaamste ontdekkings is dat die moderne mens se skedel en tandboog binne een geslag nouer geword het. Die gevolg is dat daar nie genoeg ruimte in die mond vir al 32 bo- en ondertande is nie. Daarom groei die meeste kinders se tande deesdae skeef en moet hulle ortodontiese behandeling ontvang. Gewoonlik moet die verstandtande, en in baie gevalle ander tande ook, getrek word om ruimte vir die oorblywende tande te skep en 'n mooi glimlag te verseker.

'n Goeie voedingstofryke dieet

Die foto's wat dr. Price geneem het, wys duidelik dat die skedels van mense wat voor die industrialisasie van die samelewing geleef het – en dus vars, heilsame en onverfynde

kosse geëet het – se tandboë ten volle ontwikkel het sonder enige skewe tande. Al die tande was gesond en netjies langs mekaar. Hy het ook opgelet dat die meeste skedels wat hy ondersoek het, steeds al hulle tande gehad het en dat daar minimale tandverlies of tandbederf te bespeur was. Dit dui op 'n goeie, voedingstofryke dieet.



Hoekom is tande so belangrik?

Jou tande se taak is hoofsaaklik om jou kos behoorlik te kou. Dit verseker goeie spysvertering. Die eerste kos wat jy inneem, is melk. Dus moet 'n mens se kos volgens my ook gekou word totdat dit 'n melkagtige vloeistof is. As jou voedsel jou maag bereik en dit is slegs gedeeltelik gekou, kan dit nie behoorlik verteer word nie. Die nodige voedingstowwe kan nie opgeneem word nie. Jy kan die gesondste kos eet, maar as dit nie behoorlik gekou word nie, kan jy steeds 'n tekort aan voedingstowwe hê. Jou tande is die eerste fase van vertering. As hierdie proses nie behoorlik geskied nie, sal jy aan voedingstekorte ly en / of spysverteringsprobleme ontwikkel. Onthou, kou jou kos fyn, want jou maag het nie tande nie! Sluk nou en kou later, is 'n groot ewel.

"Voedsel" wat arm is aan voedingstowwe

Die hedendaagse mens eet kitskosse in bokse, blikkies en plastiek en dink hy neem voedsel in, maar dit het min of geen voedingswaarde nie, net leë kalorieë. Ons neem te veel verfynde voedingstof-arme voedsel in wat ons inderwaarheid "beseer" en skade berokken. Moderne swak voeding het geleidelik tot die eksponensieël groei en ontwikkeling in tandheelkunde. Ek skat dat 75% van die jongmense met wie ek gesels, se verstandtande verwyder moes word en dat hulle ortodontiese behandeling moes ontvang. Om nie eens te praat van die stopsels, wortelkanale, ens. nie. Dit is 'n aanduiding dat die meeste kinders se liggame reeds 'n opdraande stryd voer om hulle volle genetiese potensiaal te ontwikkel.



Op die X-straal sien jy die storie van 'n tipiese moderne mens met meervoudige voedingsbeserings. Dit is te sien in die baie stopsels, twee wortelkanaal-behandelde (dooie) tande, en twee skewe verstandtande wat nooit uitgekome het nie. Ons boek brei baie meer uit oor al die gevolge en gevare van al die verskillende onnodige beserings.

Die onsigbare vyand

Ongelukkig hou die probleme ook nie altyd op wanneer die verstandtande getrek is en die ortodontiese behandeling suksesvol is nie. As die tande verkeerd getrek word – wanneer die periodontale ligament nie verwyder word nie – bestaan die gevaar dat die kakebeen nie voldoende genees nie. 'n Onderliggende infeksie in die kakebeen kan ontstaan. Ons noem dit 'n dentale kavitasie.



Anaërobiese bakterieë kan hierdie kavitasie vul en is uiters giftig. Dit kan jou immuunstelsel aantast en verswak. Dit word ook orale patologie genoem. Die voorkoming en behandeling van so 'n kavitasie word in my boek bespreek.

Jou voedsel bepaal jou toekoms

Onthou, ons is wat ons eet! Gesonde en vars kosse verskaf die boustene vir ons en ons kinders se liggame. Dit help om gesonde, lewenskragtige liggame te bou en verskaf ook 'n langdurige, natuurlike immuniteit.

Jou kos bepaal letterlik jou toekoms, dit word deel van jou. Voedsel is nie net

noodsaaklik vir groei en energie nie. Jou liggaam vervang ook elke dag miljoene selle (ongeveer 20 miljoen selle daagliks). Maak seker dat jy en jou kinders vir 'n goeie toekoms voorberei word deur te verseker dat die selle met gelyke of beter boumateriaal vervang word. Doen dit deur hulle genoeg heelgraan, vars en lewende kosse, met genoegsame voedingstowwe, te laat eet. Dit sal ook bydra om 'n goed ontwikkelde tandboog te vorm wat al die tande kan huisves. ■

Ons boek, *GO NATURAL: Wisdom for Healthy Living* verduidelik alles in detail en begelei jou om die *GO NATURAL*-dieet te volg wat jou gesin sal help om hulle volle genetiese potensiaal te bereik.



Skandeer die QR-kodes om die artikels oor tandbederf en fisieke degenerasie te lees.

JOHAN JACOBS is beskikbaar as gasspreker of vir konsultasies, kontak hom by joan@gonatural.co.za